

Die heerlikheid van die Naam van die Here moet besing word deur al wat leef

- **Die ganse skepping besing die heerlikheid van die Here se Naam**

Die digter het die sterrehemel voor hom. Dan begin hy met 'n glorieryke openbaring van Jahwe se krag op aarde en in die hemel, en kom tot stilstand by die handeling van die mens. Verskeie lofpsalms fokus ook op God se verhouding tot die natuur: Psalm 104, 19, 29 en 65. Die mens leer God dus ken uit die Algemene Godsopenbaring (natuur). Ook om vir magtige natuurtonele te kyk, kan mens duidelik agterkom hoe die skepping besig is om die heerlikheid van die Here se Naam te besing, byvoorbeeld die uitkoms van reën na 'n lang somerdroogte.

- **Die kinders en suigeling besing die heerlikheid van die Here se Naam**

Hier word ook 'n wonderlike teenstelling gebruik om te wys hoe groot die Naam van die Here is: Die ganse hemele (vs 2) word gestel teen die kleinheid van die kinders en die suigeling (vs 3). Hierdie hoofpunt vind sy natuurlikste verklaring in die uitspraak van Christus in Matteus 21:15-16. Hoe wonderbaarlik is dit nie dat God kinders in sy diens gebruik om die ongelowiges stil te maak. Die ongelowige wêreld kan ook nie begryp en peil hoe die kinderlike geloof werk nie.

Ons as mens het die kultuuropdrag van God ontvang om te heers oor sy skepping. Die Here het ook aan die mens die vermoë gegee om te kan heers. Die woord wat in vers 5 vir mensekind gebruik word in Hebreeus (Enos) hou verband met die nederigheid van die mens. Dit gaan daaroor dat ons die Here se Naam sal verheerlik deur die manier hoe ons met sy skepping omgaan. Die mens het egter deur die sondeval van die heerlikheid afstand gedoen, maar die Heilige Gees openbaar aan ons die herskepping van Christus in Hebreërs 2:9. Deur Christus se kruisiging en dood het Hy weer heerlikheid en eer vir die mens verwerf. Hierdie heerlikheid waarvan Psalm 8 praat, is 'n verlange in die mensdom waarna almal streef. God beantwoord in ons verlange deur sy Seun aan die kruis, totdat dit eendag volkome sal wees wanneer die heerlikheid en eer van al die nasies in die Nuwe Jerusalem vervul sal wees (Openb 21:24).

Teologiese Student FJ van Rensburg